Verklaring oor die Oostelike Sinode se vergadering van 17 en 18 Novenber 2021.

1. Meer as 200 afgevaardigdes van die 84 gemeentes van oor Mpumalanga en die ooste van Pretoria het te midde van die Covid regulasies in die kerkgebou van die NG kerk Skuilkrans vir twee dae vergader op versoek van twee ringe en ‘n **beskrywingspunt van Burgersfort** gemeente.
2. Die eerste deel van die sinodesitting is gewy aan die **impak van die pandemie** op ons gemeentes en ook op elkeen van ons se persoonlike lewens. Daar is ook vanuit die Bybel stil gestaan by God se bemoediging en vertroosting in ‘n tyd soos hierdie. Daar is ook op ‘n gepaste wyse hulde betoon aan 16 leraars wat sedert Oktober 2018 gesterf het.
3. Hierna het die beskrywingspunt van Burgersfort gedien wat reeds net na 2019 se Algemene Sinode besluit oor Selfdegeslag-verbintenisse geformuleer is, maar as gevolg van die **inperking en grendeltyd** eers nou in die sinode hanteer kon word.
4. Na ‘n lang en baie openhartige bespreking het die Oostelike Sinode besluit dat die Algemene Sinode se **besluit van 2019 oor Selfdegeslag-verbintenisse** ‘n verdeeldheid gebring het in die NG Kerk. Die verskille in Skrif interpretasie het tot ‘n vasgelooptheid en groot ongelukkigheid gelei onder sommige gemeentes en leraars in die Sinode.
5. Die Sinode het ook sy vorige besluit van 2016 bevestig naamlik dat “slegs die **huweliksverbintenis** van een man en een vrou as ‘n huwelik beskou word en dat seksuele gemeenskap buite so ‘n vaste, formele huweliksverbintenis/verhouding nie aan Christelike huweliksriglyne voldoen nie.”
6. Die Oostelike Sinode het besluit om nie uit die **verband met die Algemene Sinode** te tree nie.
7. Die Sinode het egter ook besluit dat gemeentes wat op grond van hulle oortuiging nie langer tuis voel om deel van die Algemene Sinode te wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree. Daar sal kerkordelike weë gesoek word om **ruimte vir sulke gemeentes te skep** waar hulle tuis kan voel.
8. Ons het as familie mekaar se harte gehoor en besluit om mekaar vas te hou. Ons is na die sinodesitting huise en gemeentes toe met ‘**n roeping** om nou met nuwe passie en gehoorsaamheid te fokus op die groot opdrag van Jesus om dissipels vir Hom te maak.